



# Vuk'uzenzele

Brought to you by Government Communications (GCIS)

Afrikaans/Engels

February 2016 Edition 1



Affordable healthcare on the cards for SA

Page 6



SA ready for local government elections

Page 9

JOBS INSIDE

## More funding support for students

Albert Pule and More Matshediso

Government has set aside an additional R6.912 billion to support university education.

Announcing the additional funding, Higher Education and Training Minister Blade Nzimande said this was a strong indication that government had listened to the concerns raised by university students last year during their march against university fee increases.

"As an immediate measure, we have resolved the zero percent fee increment for 2016 with universities, which amounted to R2.33 billion... University students who meet the National Student Financial Aid Scheme (NSFAS) means test will not be required to pay upfront payments when registering this year," said the Minister.

The R6.912 billion additional funding includes the R2.33 billion for resolving the zero percent fee increment; R2.543 billion is for NSFAS to provide loans to assist 71 753 identified students, who were either partially funded or not funded at all in the past three academic years.

Minister Nzimande said students who have performed well and come from disadvantaged families will receive financial help from government.

The NSFAS has been allocated over R700 million for full bursaries for scarce and critical skills for the current year from the National Skills Fund (NSF).

"This funding is made available through the financial aid offices at universities, and students wishing to make use of these bursaries are advised to enroll for critical skills study programmes, which include science, commerce, health sciences, engineering and many others," said Minister



Higher Education Minister Blade Nzimande announced additional funding to help deserving students to complete their studies.

Nzimande.

The Minister said NSFAS has also earmarked R72.9 million in the 2016 academic year to provide financial aid to disabled students in universities.

"The department is committed to expanding access and success in our institutions for students who have special needs," said the Minister.

At technical and vocational education and training (TVET) colleges, government pays 80 per cent of the programme cost of the student's choice, with an additional allocation being made dependent on the type and severity of the disability.

"Government will assist students who display academic ability but come from poor and disadvantaged families through

NSFAS at all 26 public universities and 50 public TVET colleges throughout the country.

"NSFAS will be funding 205 000 first-time entering and continuing eligible students at universities and 200 000 students at TVET colleges in 2016 by providing student loans and bursaries totaling R10 million," said Minister Nzimande.

**STATE OF THE NATION ADDRESS**  
by President Jacob Zuma  
**Thursday, 11 February 2016, from 19:00**  
Catch it live on television, radio and social media  
Follow us on #SONA and participate in discussions on @GovernmentZA

**Together we move South Africa forward**

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Betaal onderhoud of jy word op 'n swartlys geplaas

**O**uers wat nie onderhoud vir hul kinders betaal nie, kan nie meer hierdie verantwoordelikheid ontduike nie. President Jacob Zuma het onlangs die Wysigingswet op Onderhoud (Wet no. 9 van 2015) onderteken. Die wet sal verseker dat ouers wat versuum om onderhoud te betaal se name op 'n swartlys geplaas word.

Die Adjunk-minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling, John Jeffery, sê die Wet maak voorsiening dat 'n onderhoud-wanbetaler by 'n kredietverlenings- of kredietgraderingsinstelling aangegee kan word, en ook dat beslag gelê kan word op salarissose of winste van die werkgever.

Die wysiging van die Wet op Onderhoud, 1998 was 'n belangrike prioriteit vir die departement en is daarop gerig om die onderhoudstelsel verder te verbeter.

"Die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling het hom die afgelope twee dekades tot die beskerming van kinders in ons gemeenskap verbind."

"Een aspek wat 'n diepgaande uitwerking op kinders se lewens het, is dié van onderhoud," het Adjunk-minister Jeffery gesê.

Hy het gesê die Wysigingswet op Onderhoud wysig die Onderhoudswet om die onderhoudstelsel te verbeter, hangende die finalisering van 'n hersiening van die hoofwet deur die Suid-Afrikaanse Kommissie vir Regshervorming.

Hy het voorts gesê dat die nuwe Wet nie in isolasie beskou moet word nie, omdat dit deel vorm van 'n wyer reeks maatreëls wat deur die departement ingestel is om daadwerklike verandering in dienslewering aan begunstigdes van onderhoud te verseker.

"Hierdie maatreëls is spesifiek geïmplementeer om te verseker dat vroue beter toegang tot geregtigheid en tot ons howe het."

## ELEKTRONIESE FONDSOOR-PLASING (EFO)

Adjunk-minister Jeffery het gesê die EFO-stelsel het die betaling van onderhoud aansienlik verbeter. Die stelsel maak dit vir slagoffers moontlik om hul geld te binne vier dae nadat die departement die betaling ontvang het, te kry.

"Deur die EFO-stelsel plaas die departement nou geld direk in begunstigdes se bankrekenings oor."

"Begunstigdes bespaar sodoende tyd en geld wat hulle sou moes gebruik om die geld te gaan haal. Dit is ook veiliger. Tans is 98 persent van die begunstigdes op die EFO-stelsel."

Hy het gesê dié wat nog nie op die EFO-stelsel is nie, meestal nie Suid-Afrikaners is nie of nie ID's het wat deur die banke vereis word om 'n bankrekening te open nie.

Die departement is voortdurend in gesprek met die Departement van Binnelandse Sake en bankinstellings om hierdie kliënte by te staan.

"Met die direkte betalingstelsel beveel die hof die respondent, met die toestemming van die begunstigde, om die onderhoudgeld direk in die begunstigde se bankrekening in te betaal."

## GEÏNTEGREERDE BESTUUR VIR ONDERHOUDSAKE

Minister Jeffery het aangekondig dat sy departement die Geïntegreerde Stelsel vir die Bestuur van Onderhoudsake ingestel het. Dit hou rekord van die saak, vanaf die registrasie van die aansoek om onderhoud tot die uitreiking van die onderhoudsbevel.

"Dit lei tot vinniger levering van onderhoudsdienste, omdat die meeste van die papierwerk wat die hoeve voorheen met die hand gedoen het, nou elektronies hanteer word."

"Die departement stel elke finansiële jaar toenemend meer onderhouds- en ondersoekbeamptes aan om dienslewering te verbeter."

Volgens die minister het die departement die afgelope vier jaar die personeelkapasiteit by onderhoudsdienste met altesaam 247 nuwe aanstellings verbeter.

In 2015/2016 sal nog meer onderhouds- en ondersoekbeamptes aangestel word.

Die doel is om te verseker dat daar genoeg personeel by elke dienspunt is om die onderhoudstelsel landswyd te verbeter.

In 2015/2016 sal nog meer onderhouds- en ondersoekbeamptes aangestel word.

Die doel is om te verseker dat daar genoeg personeel by elke dienspunt is om die onderhoudstelsel landswyd te verbeter.

**Vir meer inligting oor onderhoud, kontak**  
Advocaat Mulalo Netshisaulu  
by 012 315 1512 of  
MNetshisaulu@justice.gov.za.

CHILD MAINTENANCE CHECK LIST																			
(1)	WHAT THE APPLICANT NEEDS TO BRING TO THE MAINTENANCE OFFICE AT THE MAGISTRATES' COURT WHEN MAKING AN APPLICATION FOR CHILD MAINTENANCE:																		
(2)	NOTE: BRING THE FOLLOWING DOCUMENTATION TO THE MAINTENANCE OFFICE TO MAKE COPIES AND IF THESE ARE NOT AVAILABLE ON THE DATE OF APPLICATION PLEASE BRING THE DOCUMENTS ON THE NEXT DAY AND/OR ON THE HEARING DATE.																		
(3)	UNAVAILABILITY OF THE DOCUMENTS ON THE DATE OF APPLICATION FOR MAINTENANCE SHOULD NOT STOP THE APPLICANT FROM COMPLETING THE J101 APPLICATION (FORM A TO THE MAINTENANCE REGULATION), WHICH IS ATTACHED TO THIS CHECK LIST AS ANNEXURE "B1".																		
<table border="1"> <thead> <tr> <th>DOCUMENTS REQUIRED FOR MAINTENANCE ENQUIRY/MEDIATION</th> <th>Please tick off</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>1. An identity book (green book with your photo) or passport or drivers licence and or immigration permit</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>2. Certified copies of the child/children's birth certificates</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>3. Three months bank statement (LATEST)</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>4. Three months proof of income(payslip) or the signed letter from the employer confirming your income.</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>5. Physical/work address of the person responsible for paying the maintenance money.</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>6. List of your income and expenditure e.g. water and lights bill, till slips for groceries, school expenses; medical and travel receipts, clothing accounts, etc.,</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>7. Full name of parent/person responsible for paying the maintenance money.</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>8. Copy of Decree of Divorce (in the case of divorce)</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> </tbody> </table>		DOCUMENTS REQUIRED FOR MAINTENANCE ENQUIRY/MEDIATION	Please tick off	1. An identity book (green book with your photo) or passport or drivers licence and or immigration permit	<input type="checkbox"/>	2. Certified copies of the child/children's birth certificates	<input type="checkbox"/>	3. Three months bank statement (LATEST)	<input type="checkbox"/>	4. Three months proof of income(payslip) or the signed letter from the employer confirming your income.	<input type="checkbox"/>	5. Physical/work address of the person responsible for paying the maintenance money.	<input type="checkbox"/>	6. List of your income and expenditure e.g. water and lights bill, till slips for groceries, school expenses; medical and travel receipts, clothing accounts, etc.,	<input type="checkbox"/>	7. Full name of parent/person responsible for paying the maintenance money.	<input type="checkbox"/>	8. Copy of Decree of Divorce (in the case of divorce)	<input type="checkbox"/>
DOCUMENTS REQUIRED FOR MAINTENANCE ENQUIRY/MEDIATION	Please tick off																		
1. An identity book (green book with your photo) or passport or drivers licence and or immigration permit	<input type="checkbox"/>																		
2. Certified copies of the child/children's birth certificates	<input type="checkbox"/>																		
3. Three months bank statement (LATEST)	<input type="checkbox"/>																		
4. Three months proof of income(payslip) or the signed letter from the employer confirming your income.	<input type="checkbox"/>																		
5. Physical/work address of the person responsible for paying the maintenance money.	<input type="checkbox"/>																		
6. List of your income and expenditure e.g. water and lights bill, till slips for groceries, school expenses; medical and travel receipts, clothing accounts, etc.,	<input type="checkbox"/>																		
7. Full name of parent/person responsible for paying the maintenance money.	<input type="checkbox"/>																		
8. Copy of Decree of Divorce (in the case of divorce)	<input type="checkbox"/>																		
AFTER THE TICK OFF ON THE CHECKLIST THEN MAINTENANCE SUPERVISOR SHOULD ADD HIS/HER SIGNATURE AND DATE, TO ENSURE ALL NECESSARY DOCUMENTS WILL BE AVAILABLE																			
MAINTENANCE SUPERVISOR																			
Signature: .....																			
Date: .....																			
WHAT THE RESPONDENT NEEDS TO BRING TO COURT WHEN APPEARING BEFORE THE MAINTENANCE OFFICER FOR ENQUIRY/MEDIATION																			
The respondent is required to bring all the required documents on the date of enquiry:																			
<table border="1"> <thead> <tr> <th>DOCUMENTS REQUIRED FOR MAINTENANCE ENQUIRY/MEDIATION</th> <th>Please tick off</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>1. An identity book (green book with your photo) or passport or drivers licence and or immigration permit</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>2. Three months bank statement (Latest)</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>3. Three months proof of income(payslip) or the signed letter from the employer confirming your income</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>4. Proof of physical work and residential address</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>5. List of your expenditure e.g. water and lights bill, till slips for groceries, school expenses; medical and travel receipts, clothing accounts, etc.,</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>6. Provide the copy of the maintenance court order if there is a maintenance court order against you in another court</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>7. Birth certificates of all your other biological children other than children in question</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> </tbody> </table>		DOCUMENTS REQUIRED FOR MAINTENANCE ENQUIRY/MEDIATION	Please tick off	1. An identity book (green book with your photo) or passport or drivers licence and or immigration permit	<input type="checkbox"/>	2. Three months bank statement (Latest)	<input type="checkbox"/>	3. Three months proof of income(payslip) or the signed letter from the employer confirming your income	<input type="checkbox"/>	4. Proof of physical work and residential address	<input type="checkbox"/>	5. List of your expenditure e.g. water and lights bill, till slips for groceries, school expenses; medical and travel receipts, clothing accounts, etc.,	<input type="checkbox"/>	6. Provide the copy of the maintenance court order if there is a maintenance court order against you in another court	<input type="checkbox"/>	7. Birth certificates of all your other biological children other than children in question	<input type="checkbox"/>		
DOCUMENTS REQUIRED FOR MAINTENANCE ENQUIRY/MEDIATION	Please tick off																		
1. An identity book (green book with your photo) or passport or drivers licence and or immigration permit	<input type="checkbox"/>																		
2. Three months bank statement (Latest)	<input type="checkbox"/>																		
3. Three months proof of income(payslip) or the signed letter from the employer confirming your income	<input type="checkbox"/>																		
4. Proof of physical work and residential address	<input type="checkbox"/>																		
5. List of your expenditure e.g. water and lights bill, till slips for groceries, school expenses; medical and travel receipts, clothing accounts, etc.,	<input type="checkbox"/>																		
6. Provide the copy of the maintenance court order if there is a maintenance court order against you in another court	<input type="checkbox"/>																		
7. Birth certificates of all your other biological children other than children in question	<input type="checkbox"/>																		
NB: THE MATTER WILL NOT BE POSTPONED BECAUSE OF LACK OF THE ABOVE-MENTIONED DOCUMENTS, SO IT IS COMPULSORY THAT THE MAINTENANCE OFFICER/CLERK EXPLAIN THAT THE PARTIES SHOULD COMPLY WITH THE REQUIREMENTS ON THE RETURN DATE.																			
 <b>the DOJ &amp; CD</b> Department: Justice and Constitutional Development REPUBLIC OF SOUTH AFRICA																			
																			

# Alles wat jy oor 'n testament moet weet

## Noluthando Mkhize

**E**n manier waarop jy kan seker maak dat daar na geliefdes omgesien word wanneer jy sterf, is deur 'n testament op te stel.

'n Testament is 'n dokument waarin mense besonderhede uiteensit van wat met hul boedel moet gebeur wanneer hulle sterf.

Jy kan 'n persoon of persone, wat as eksekuteurs bekendstaan, aanstel wat jou boedel by jou afsterwe moet beredder.

Die persoon wat die testament maak, staan bekend as die testateur (manlik) of 'n testatrix, wanneer na 'n vroulike persoon verwys word.

"Ons kan 'n testament in leke-termes beskryf as 'n persoon se wenslys vir wanneer hy of sy sterf.

"n Testament is 'n dokument waarin mense aandui hoe hulle wil hê hul bates bemaak moet word. As jy bates het, wie sou jy wou hê moet daarby baat?", verduidelik Cecilia Mphela, Assistent-meester van die Hooggereghof van Suid-Afrika in die Gauteng-afdeling, wat deel vorm van die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling.

## VEREISTES VIR 'N GELDIGE TESTAMENT

Volgens die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling bepaal die Wet sedert 1 Januarie 1954 dat alle testamente skriftelik gemaak moet word. Dit kan met die hand geskryf, getik of uitgedruk word.

Die testateur of testatrix moet die testament aan die einde van die dokument onderteken.

Die testateur of testatrix moet die dokument in die teenwoordigheid van twee of meer bevoegde getuies onderteken.

Indien die testament uit meer as een bladsy bestaan, moet elke bladsy buiten die bladsy waarop dit eindig, op enige plek op die bladsy deur die testateur of testatrix of sodanige ander persoon geteken word.

Hoewel die testateur of testatrix al die bladsye van die testament moet teken, moet slegs die bladsy waarop die testament eindig aan die einde van die testament onderteken word.

'n Kommissaris van ede moet sertifiseer dat hy/sy tevrede is met die identiteit van die testateur en dat die testament wat aldus onderteken is wel die testament van die testateur is.

Die Kommissaris van ede moet ook elke bladsy van die testament op enige plek op die bladsy teken.

## AANSTELLING VAN 'N EKSEKUTEUR

Mphela sê dat daar by die opstel van 'n testament 'n geleenthed is om 'n eksekuteur aan te stel.

"Dit is iemand wat bates sal beredder en dit aan die erfgename sal uitdeel."

'n Persoon se boedel bestaan uit al sy of haar bates, besittings, eiendom en laste of skulde wat die persoon ten tye van hul afsterwe het.



Om 'n boedel te beredder, beteken om al die oorledene se bates te versamel of beheer daaroor te neem, om die skuld wat die oorledene ten tye van sy/haar afsterwe het, af te betaal en om dan die balans aan die regmatige erfgename van die oorledene soos dit in die testament bepaal word, te uit te betaal.

Volgens Mphela moet 'n mens minstens 16 jaar oud wees om 'n testament te kan opstel, verstandelik bekwaam wees en twee getuies van 14 jaar of ouer hê wat in 'n gereghof kan getuig.

"Getuies hoef nie deur jou testament te lees nie. Jy kan jou eie testament opstel, of jy kan iemand anders vra om dit vir jou te doen."

Mphela het voorts gesê finansiële adviseurs,

prokureurs en banke kan 'n mens raad gee oor hoe om 'n testament op te stel.

Sy sê die meeste mense verkieks dat banke hulle help om 'n testament op te stel, wat beteken dat die bank ook die eksekuteur van die testamente is wat hulle opstel.

"In sulke gevalle sal die banke die begunstigdes oor die testament kontak. Dit is altyd raadsaam dat mense hulle begunstigdes inlig dat hulle 'n testament het."

**Vir navrae/klantediens:**  
**chiefmaster@justice.gov.za**  
**Tel: 012 406 4805 Faks: 086 5444 893**

## VEILIGHEID EN SEKURITEIT

# Wees bewus van kubermisdaad



**Lt-Kol Erica Holtzhausen**

**N**et soos baie ander lande regoor die wêreld, loop Suid-Afrika ook die risiko van kubermisdaad. Volgens die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), het die land gedurende 2014 ongeveer R5,8 miljard weens kubermisdaad verloor.

Tot soveel as 47 persent van alle Suid-Afrikaners wat slimfone gebruik, was al slagoffers van kubermisdaad.

Internet-bankwese is die hoofteiken van kubermisdadigers in Suid-Afrika.

Kubermisdaad is misdadige aktiwiteite wat deur middel van rekenaars of die internet

uitgevoer word.

Rekenaarviruses en kwaadwillige sagteware (malware), aanlyn-swendelary en strikrower-e-posse (phishing) is van die algemeenste metodes wat deur misdadigers gebruik word om die persoonlike inligting wat nodig is om hierdie misdade te pleeg, te bekom.

Tussen Januarie 2011 en Augustus 2012 is 90 000 sake aangemeld van mense wat slagoffers van strikrower-e-posse was, en waardeur hulle altesam R94 miljoen verloor het.

Strikrower-e-posse lei die gebruiker na 'n webtuiste waar hulle gevra word om persoonlike inligting op te dateer, soos 'n wagwoord, kredietkaartbesonderhede, maatskaplike

sekerheidsinligting of bankrekeningnummers.

Die SAPD se Eenheid vir Elektroniese Misdaad is in 2011 tot stand gebring om kuber- en elektroniese misdaad te beveg.

## Hoe om jouself te beskerm:

- Moenie verdagte e-posaanhangsels aflaai of op verdagte skakels klik nie. Dit kan veroorsaak dat inligting gelekk word en sensitiewe inligting verdraai word.
- Kontroleer jou Facebook-sekuriteitinstellings en kies om per SMS of e-pos in kennis gestel te word wanneer iemand probeer om vanaf 'n onbekende toestel toegang tot jou rekening te verkry.
- Wees bedag op vals aanlynadvertensies vir werk waar jou persoonlike besonderhede en 'n foto vereis word.
- Organisasies moet netwerkverkeer deurlopend monitor.
- Plaas 'n sterke wagwoord op jou selffoon om jou persoonlike data te help beskerm.
- Laai toepassings (apps) slegs van 'n betroubare bron af.
- Gebruik veilige betalingsmetodes wanneer jy inkopies van jou selffoon af doen.

Brigadier Piet Pieterse, hoof van die Eenheid vir Elektroniese Misdaad, sê sy eenheid is

- Suid-Afrikaners kan kubermisdaad anoniem aanmeld deur die Stop Misdaad Inbelsentrum by 08600 10111 te skakel.
- Stop Misdaad is 'n nasionale kontaksentrum met goed-opgeleide ondersoekende onderhouervoerders in diens, wat almal minstens basiese speurderopleiding het.

daarop gerig om handelmissdaad, insluitend platforms vir georganiseerde misdaad en korupsie, die nek in te slaan.

"Daar is 'n verskeidenheid digitale bewyse wat 'n sleutelkomponent van polisie-ondersoek vorm en van kritieke belang kan wees ter ondersteuning van die vervolging van verskillende soorte misdaad," sê Brigadier Pieterse.

Volgens die SAPD gaan kubermisdaad nie meer net oor mense wat vir die pret toegang tot rekenaarsstelsels verkry, of bloot wil bewys dat dit moontlik is nie.

Die mense agter hierdie misdade is georganiseerd misdadigers en slaan munt uit mense wat die internet gebruik. Ongeag of dit vir finansiële gewin is of 'n bedreiging vir kinders inhou, kan die gevolge van kubermisdaad vernietigend wees en 'n negatiewe uitwerking op die ekonomiese hê.

\* **Lt-Kol Erica Holtzhausen is 'n lid van die SAPD.**

# Hulpdienste vir slagoffers van seksuele misdrywe

**Sinenhlanhla Mkhwanazi**


**S**lagoffers van seksuele misdrywe het nou toegang tot slagoffer-vriendelike, doeltreffende en sensitieve dienste danksy die Howe vir Seksuele Misdrywe wat deur die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling bekendgestel is.

Die departement het onlangs die Howe vir Seksuele Misdrywe in Durban (KwaZulu-Natal) en Atlantis (Wes-Kaap) bekendgestel. "Die sentrale tema wat die grondslag vir baie van die departement se werk lê, is om te verseker dat alle mense in Suid-Afrika veilig voel, en is," het die Minister van Justisie en Korrektyiewe Dienste, Minister Michael Masutha, tydens die opening van die Hof vir Seksuele Misdrywe in Atlantis gesê.

Die bekendstelling van die Howe vorm nie net deel van die departement se verbintenis om toegang tot regsdienste aan slagoffers van seksuele misdrywe te verseker nie, maar gee ook gevolg aan die Wysigingswet 32 van 2007 op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede).

In Junie 2012 is 'n ministeriële raadgewende taakspan aangestel vir die beslegting van sake oor seksuele misdrywe (MATTSO) om ondersoek in te stel na die moontlike herinstelling van die Howe vir Seksuele Misdrywe. In Augustus 2013 het MATTSO aanbeveel dat 57 streekshowe oor 'n tydperk van drie jaar opgradeer word na Howe vir Seksuele Misdrywe.

"Sedert Augustus 2013 het die departement 43 Howe vir Seksuele Misdrywe gevestig, wat volgens die model wat deur MATTSO aanbeveel is, bedryf word. Ons streef daarna om slagoffer-gesentreerde dienste te lewer," sê Minister Masutha.



Die bekendstelling van die Howe vir Seksuele Misdrywe beteken dat slagoffers toegang tot doeltreffende dienste het.

vanaf die datum van aanmelding totdat die saak afgehandel word, te verkort.

"Die skuldigbevindingsyfer met betrekking tot seksuele misdrywe het ook gestyg en in die eerste kwartaal van 2015/16 het die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) 'n skuldigbevindingspersentasie van 71,1 persent bekend gemaak," sê Minister Masutha.

## DURBAN SE HOF VIR SEKSUELE MISDRYWE

Tydens die opening van die Hof vir Seksuele Misdrywe in Durban het Direkteur-Generaal Nonkululeko Sindane benadruk dat hierdie hof 'n voorbeeld is van die departement se vasbeslotenheid om geweld teen kwesbare groepe in die samelewning te beveg.

Gemeenskapslede vertrou dat hierdie Howe die plaag van seksuele geweld in hul gemeenskappe sal help bestry. Nomthembu van Chesterville in KwaZulu-Natal het haar kommer uitgespreek oor die beweerde verkrating van 'n tweeweke-oue baba in 2010.

"Ons hoop dat die beweerde verkrating-saak met die hulp van Durban se Hof vir Seksuele Misdrywe opgevolg kan word," het sy gesê. Die Direkteur van die NVG in KwaZulu-Natal, Advokaat Moipone Noko, het beloof om die saak op te volg.

Lede van die burgerlike samelewing en van gemeenskappe word aangemoedig om

met die Regering saam te werk om seksuele geweld in gemeenskappe te bestry.

"Om ons gemeenskappe te beveilig en ons land veiliger te maak, moet die Regering op die ondersteuning van die burgerlike samelewing kan steun. Slegs deur vennootskappe kan ons hoop om misdaad te bestry en te verseker dat ons mense veilig voel en is," sê Minister Masutha.

Die Howe vir Seksuele Misdrywe wat op die nuwe model geskoei is, bied die volgende dienste:

- Hofvoorbereidingsdienste: Die program maak jou vertroud met die hofprosesse, -procedures, -dienste en -voordele. Dit is daarop gemik om jou te help om 'n doeltreffende getuie in die hof te wees. Op die verhoordatum sal die Hofvoorbereidingsbeampte jou ontvang en gerusstel.
- Tussengangerdienste: As die slagoffer 'n kind is of verstandelik gestremd is, sal die aanklaer by die hof aansoek doen om toestemming dat die slagoffer in 'n privaat vertrek met die bystand van 'n tussenganger, getuig. 'n Tussenganger sal dan die hof se vrae op 'n verstaanbare manier aan die slagoffer oordra.
- Privaat wagkamers vir volwassene- en kinderslagoffers: Die meubels in die vertrek waar kinders getuig is spesifiek

ontwerp om in die behoeftes van getraumatiseerde kinders te voldoen. Dit het ook 'n speelarea, leessentrum en 'n bed-sofa om op te rus. Die volwassene-wagkamer is ook só gemeubileerd dat dit die hoefvaring gemakliker vir die slagoffers maak.

- Voor- en na-verhoortraumadienste: Die Hofvoorbereidingsbeampte sal die slagoffer voor en na afloop van die verhoor deur trauma-ontladingssessies neem om die slagoffer te help om die trauma van die voorval te hanteer.
- Privaat getuiglokaal / gesloten hofdienste: As jy 'n volwasse getuie is, laat die hof toe dat jy vanaf 'n privaat getuiglokaal deur 'n geslotekring-TV-stelsel getuig as jy gemakliker voel om dit só te doen. Dit verseker dat jy nie in die fisiese teenwoordigheid van die beskuldigde hoef te wees wanneer jy getuig nie.
- Getuie-vergoedingsdienste: Die departement voorsien vergoeding vir getuies om retoer-reiskoste te dek, asook die koste van maaltye terwyl hulle in die hof is.

## THUTHUZELA-SORGSENTRUM VIR ATLANTIS:

As deel van slagoffer-hulpdienste het Minister Masutha die Atlantis Thuthuzela-sorgsentrum by Wesfleur Hospitaal geopen. Thuthuzela-sorgsentrum is eenstop-geriewe wat meestal binne bestaande gesondheidfasiliteite geleë is. Hulle verskaf 'n eenstop-diensiessentrum waar alle departemente wat noodsaaklik is vir die insamel van bewyse in reaksie op slagoffers en ter voorbereiding van suksesvolle vervolging, op een plek geleë is. Toegewye dienste aan slagoffers van seksuele misdrywe word tans deur altesam 55 Thuthuzela-sorgsentrum gebied, waarvan 50 ten volle operasioneel is, vergeleke met 38 verlede jaar.

\* **Sinenhlanhla Mkhwanazi werk vir die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling.**